

# Die kwaaië huishoudster

**Melt Brink**

## **bron**

Melt Brink, *Die kwaaië huishoudster*. J.H. de Bussy, Pretoria/Amsterdam / Holl.-Afrik.  
Uitgeversmaatschappij v/h J Dusseau & Co., Kaapstad 1918 (herdruk)

Zie voor verantwoording: [https://www.dbnl.org/tekst/brin019kwaa02\\_01/colofon.php](https://www.dbnl.org/tekst/brin019kwaa02_01/colofon.php)

Let op: werken die korter dan 140 jaar geleden verschenen zijn, kunnen auteursrechtelijk beschermd zijn.

**Persone.**

KLAAS MUGGEBEEN, (alias JORIS VliegEPoot).  
SABINA, sijn vrouw, (onder die naam van HARTLAP).  
DORIS KOLBROEK, (vriend van KLAAS).  
JAN KRANIG, (neef van KLAAS en woon bij hom).  
HANS DOMPER, (kneg bij KLAAS).

## Die kwaaië huishoudster.

*(Die toneel stel voor 'n kamer in die huis van Klaas. Aan weerskante van die toneel is 'n deur; in die middel staan 'n tafel; teen die agtermuur 'n rak of oue kas met gebreekte aardewerk, potte, ens. Die stoele en alles in die kamer moet oud en stukkend wees).*

### Eerste toneel.

*KLAAS, HANS.*

**KLAAS.**

*(Sit bij die tafel die koerant te lees, terwyl Hans met 'n ou stomp van 'n besem die kamer veeg en met 'n ou stuk lap die stof van die stoele slaan).*

Hans! Is daar geen beter besem in die huis nie?... Jij doen niks als op die vloer stamp met die oue stomp!... Verlede week het ek 'n nuwe gekoop... wáár is dit?

**HANS.**

Dit is dieselfde, wat nou al so afgeslijt is; ek moet alles daarmee veeg: die huis, die agterplaas, die stal, die hoenderhok.

**KLAAS.**

*(Terwyl Hans 'n tafelkleed vol skeure en gate oor die tafel sprei).*

Is daar geen beter tafelkleed als dit nie?

**HANS.**

Nee meneer! ek het die ander ene gister uitgewas, en toe is die ou bok-ooi van baas Piet gekom, het dit van die heining afgeruk en amper heeltemaal opgevreet.

**KLAAS.**

Ek koop mij bankrot, maar daar is nooit iets in die huis wat heel of skoon is nie; jij behoort meer sindelik te wees en op te pas.

**HANS.**

Wie kan help?... Hulle maak die goed teenswoordig ook so sleg en vrot... die melkbeker is ook alweer stukkend.

**KLAAS.**

Wat? En hoe kom dit?

**HANS.**

Dit het uit mijn hand geglip, toe ek dit onder die pomp wou uitwas, omdat dit so slijkerig van binne was; die klip-grond was te hard waar dit op geval het, en toe breek dit.

**KLAAS.**

Jou lompert!

**HANS.**

Dit was louter ongeluk, meneer!... Die kospot se bodem is ook al gebars, sodat al die sous uitlek; die waterketel se hengel is af en die rooster mis ook twee pootjies.

**KLAAS.**

Hou op esel!... als jij ook maar eenmaal breek, sal dit beter wees.

*(Hans brom-brom af).*

## Tweede toneel.

**KLAAS.**

*(Loop op en neer).*

Nee! So kan dit nie langer gaan nie, dit is hier kompleet 'n huishouding van Jan Steen geworde. Die Hans breek alles wat hij met sijn hande aanraak en alles is ewe vuil hier. Ek is maar blij dat ek op die gedagte gekom het om 'n huishoudster aan te skaf.

*(Haal 'n brief uit sijn sak).*

Neef Karel Konkelaar skryf vir mij uit Kaapstad, dat hij mij 'n juweeltjie van 'n huishoudster send; sijn skijn suinig, oppassend, sindelik en sorgsaam te wees; juis wat ek vir mijn huishouding nodig het; en als sijn nou daarby goed en sag van humeur is en 'n hart vol liefde het, wie weet wat dan nog gebeur!... Mijn Sabina, die oue Xantippe is tog dood, als dit tenminste waar is wat neef Frekie Kapel mij voor anderhalf jaar geskrywe het, en ek moet dit gelowe, want in die laaste twee jare het ek niks van haar gehoor nie; ek is nog nie te oud om weer te trouw nie;... maar nee!... laat dit maar blywe, ek krij nog hoendervel oor mijn hele lijf als ek aan Sabina dink; en ek sal elke mens afraai om te trouw, want mijn lijde en ellende was àl te groot.

*(Sien die brief in).*

Sij sal met die tien-uur trein vanoggend hier wees. Ek sal strakkies vir Hans na die stasie stuur om haar met haar goed hier te bring.

## Derde toneel.

*KLAAS, DORIS, HANS.*

**DORIS.**

*(Kom binne).*

Môre Klaas!... Hoe gaan dit nog?

**KLAAS.**

*(Gee hom 'n stoel en gaan ook sit).*

Sit Doris!... Ja, hoe sal ek sê?... Dit gaan maar die oue gang; verdriet en ergernis; die Hans!...

**DORIS.**

*(Val in).*

Vererg jou, nie waar nie?... Waarom jaag jij hom nie weg nie, en huur 'n goeie meid?

**KLAAS.**

Als ek maar 'n goeie kon krij; daar sit die kwaad.

*(Roep).*

Hans!... Hans!!... bring koffie vir baas Doris en mij.

**HANS.**

*(Agter die skerm).*

Dadelik meneer! Ek soek na die vuurhoutjies; wag hier het ek dit al.

**KLAAS.**

So gaan dit nou, daar is nooit iets bij die hand nie. Is dit nie verlore nie, dan is dit gebreek.

**HANS.**

*(Kom in met 'n dosie vuurhoutjies).*

Ek kan geen enkel ene aan die brand krij nie.

**KLAAS.**

Jou oliekoek!... het ek jou nie gesê nie, toe jij dit gister gaan koop het, probeer dit eers of dit goed is?

**HANS.**

*(Toon hom die dosie).*

Ek het dit gedoen! Kijk, meneer kan self sien, ek het ieder stokkie eers afgetrek en almaal het gebrand.

**KLAAS.**

Het jij nou ooit so'n stomme bobejaan gesien?... Hij het jou jandorie al die vuurhoutjies eers aan brand getrek en toe weer in die dosie gestop!

**DORIS.**

*(Lag, en gee Hans 'n dosie wat hij uit sijn sak haal).*

Dáár oliekoek!... Dit sal seker brand.

*(Hans af).*

**KLAAS.**

Dit is nie meer om uit te hou nie. Doris, jij is gelukkig om so 'n goeie vrouw te besit, als jouw Annie! Ag, kon ek dit ook sê!

**DORIS.**

Ja, mijn Annie is 'n lieue, sagsinnige en sorgsame vrou, en sij maak mij daardoor gelukkig;... maar seg tog vir mij, Klaas, hoe lang is dit nou al dat jij van jouw vrou af is?

**KLAAS.**

*(Dink).*

Laat mij sien!... dis nou ruim sewe jaar geleë dat ek van haar wegeloop is.

**DORIS.**

Ek kan mij nog nie verbeel nie hoe 'n man als jij so laf kan wees om vir 'n vrou op die loop te gaan.

**KLAAS.**

Arrie, Doris!... Hoe kan jij so praat? So 'n skepsel leef daar nie nog op die wêreld nie. Ek wil wed dat die duiwel selwers vir haar op die loop sou gaan!

**DORIS.**

Maar man, dit is volstrek nog geen bewijs, want die duiwel gaan vir elke goeie en vrome mens op die vlug.

**KLAAS.**

Dit is seker waar; maar als hij vir 'n kwaai op die vlug gaan, dan moet die tog nòg boser wees als hij self is. Wil jij glo dat sij in die drie jare dat ek met haar getrouw was, meer als dertig koffiekanne en trekpotjies op mij stukkend gegooi het! buiten nog al die dosijne kommetjies, glase en ander goed!

**DORIS.**

Was sij dan so opvlieënd van humeur?

**KLAAS.**

Moenie praat nie man!... Dinamiet en kruit kan bij haar nie kom nie, want daar moet jij nog eers vuur bij bring vóór dit ontplof; maar sij het 'n hele vuurspuwende berg in haar liggaam gehad, en haar mond was die krater!

**DORIS.**

Nou, Klaas!... Nou skiet jij ook met spek hoor!

**KLAAS.**

Volstrek nie... als sij jou eers vir veertien dae onder haar klouwe gehad het, sal jij anders praat.

*(Hans bring koffie in twee oue kommetjies, set dit op tafel, en verwijder hom weer).*

**DORIS.**

Was jij miskien ook self nie te opvlieënd nie? Wie weet als jij haar met goedheid gepaai had, of sij nie anders sou gewees het nie.



**KLAAS.**

Mijn liewe vrind, jij praat nou soos 'n blinde oor kleure; ek het dit genoeg geprobeer; maar jij kan ewe goed probeer om 'n woedende leeuw met 'n klontjie suiker te paai of mak te maak, als vir haar...

*(Drink sijn koffie).*

Foei!... hoe akelig en sleg smaak die koffie!

**DORIS.**

*(Proef ook).*

Bah!... Ja, dit smaak vuil en naar!

**KLAAS.**

*(Roep).*

Hans! Hans!! Kom hier!

**HANS.**

Ja meneer, hier is ek.

**KLAAS.**

Wat het jij met die koffie gemaak? Hoekom smaak dit so sleg?

**HANS.**

*(Met onnosel gesig).*

Ek weet nie meneer! Ek het dit tog goed laat trek!

**KLAAS.**

Waarin het jij dit gemaak?

**HANS.**

In die oue koffiekann. Maar die sak was stukkend en toe het ek een van meneer se kouse uit die wasgoedmandjie geneem, en die koffie daarin laat trek.

**KLAAS.**

*(Woedend).*

Jou morsige vark! Maak dat jij hier uit kom!... Wat vang 'n mens tog aan met so'n vent?

*(Sodra Hans wil uitgaan, seg hij).*

Kom hier uilskuiken! Loop dadelik na die stasie, daar sal 'n juffrouw met die trein kom, juffrouw Hartlap is haar naam, neem die kruiseantjie mee, en bring haar met al haar goed dadelik hier.

*(Hans af).*

## **Vierde toneel.**

*KLAAS, DORIS.*

**DORIS.**

Ja, die morsigheid is tog 'n bietjie te erg. Maar om nou weer op jouw vrou te kom; ek meen jij moes haar als sij smôrens opstaan, soveel moontlik 'n goeie humeur gebring het, en soos hul sê, heuning om die mond gesmeer het.

**KLAAS.**

Jij moet eers vra of sij 'n krummeltjie goeie humeur in enig deeltjie van haar liggaam gehad het.

**DORIS.**

Als 'n mens goed geslaap het, is jij tog gewoonlik smôrens goed gestem.

**KLAAS.**

Ja, maar sij was 'n uitsondering. Want vóór haar voet nog uit die bed was, het sij al begin brom, en dan het jij net kan doen wat jij wil, maar die donderbui vir die dag kan jij nie keer nie.

**DORIS.**

Dan moes jij dit maar het laat uitraas; want na donderweer kom tog altijd mooi weer.

**KLAAS.**

Bij haar was dit nie so nie, want haar één donderbui was nog nie uitgeraas nie, of die ander ene begin al te rommel; mijn hele trouwtijd met haar het één en al donderweer sonder end gewees.

**DORIS.**

En het jij nooit meer iets van haar gehoor nie?

**KLAAS.**

O ja, dikwels. Vijf jarelang het sij mij agtervolg en het ek van die een na die ander plek moet vlug, om tog maar altijd 'n distansie van ten minste honderd mijle tussen ons te laat blij.

**DORIS.**

*(Lag).*

Dan het sij soos 'n hond agter 'n haas vir jou voortgejaag!

**KLAAS.**

Kompleet so. En als mijn vrinde mij nie al die tijd op die hoogte gehou het nie, het sij mij ook seker gevang; maar sodra ek gehoor het dat sij op mijn spoor is, weg was ek na 'n ander plek. Naderhand het ek 'n ander plan gemaak, wat mij goed gehelp het.

**DORIS.**

Watter?

**KLAAS.**

*(Geheimsinnig).*

Ek het mijn naam verander!... Iedereen, en jij ook, dink dat mijn naam Vliegepoot is, maar... dit is eintlik Klaas Muggebeen... en daardeur het ek haar ten laaste van die spoor gelei.

**DORIS.**

*(Lag).*

Ag loop, jij laat mij lag. En wáár is sij nou?

**KLAAS.**

So ver ek weet, is sij al op die plek, waar sij haar tong nie meer kan roer nie; ten minste als dit waar is, wat 'n goeie vrind mij verlede jaar geskrijwe het, dat hij vir vas gehoor het, dat sij dood is, en te meer moet ek dit glo, omdat ek in die laaste twee jare niks meer van haar verneem het nie.

**DORIS.**

En dink jij nog nie weer aan trouw nie?

**KLAAS.**

Wel,... ek het daar al oor gedink, maar mijn senewees voel nog àl te ontsteld, so dikwels ek aan haar dink, sodat ek nog nie waag om na vrouwe te kijk nie.

**DORIS.**

Daar is niks so goed nie als 'n mooie, sagsinnige vrouwtjie om senewees tot bedare te bring.

**KLAAS.**

Nee Doris, vereers nog nie. Toe ek met Sabina getrouw het, het ek gedink 'n engeltjie om die nek te pak, maar

soos ek sê, het ek die duiwel aan sijn stert beet gehad; en nou is ek so wild nog vir voruwe als 'n bok vir 'n skoot hael.

**DORIS.**

In elk geval wil ek jou raai om verandering in jouw huishouding te bring, want die boel sien hier maar liederlik uit.

**KLAAS.**

Ja, dit is waar!... Dit kan so nie langer gaan nie. Die Hans is nie alleen 'n domkop nie, maar ook die morsigste kanis wat bestaan, en daarom het ek besluit om vereers maar 'n huishoudster te neem.

**DORIS.**

Dis 'n goeie plan. Doen dit maar so gouw als jij 'n kans krij.

**KLAAS.**

Dit is alles klaar. Ek verwag haar al vandag.

**DORIS.**

Is dit iemand hier van ons dorp?

**KLAAS.**

Nee,... ene uit Kaapstad. 'n Vrind het haar vir mij opgedaan. Soos hij skrijf, moet sij heel knap wees en 'n wedewee daarbij. Dit is juis vir haar wat Hans bij die stasie moet gaan haal.

**DORIS.**

*(Staan op).*

Nou, ou vrind, ek wens jou geluk, ek hoop dat sij aan jouw verwagting mag beantwoord en die boel hier weer in orde bring.

*(Gee hom die hand).*

Goeiendag.

**KLAAS.**

*(Skud hom die hand).*

Dag Doris! Kom kijk maar gouw na mijn nuwe meubelstuk.

*(Doris af).*

### **Vijfde toneel.**

**KLAAS.**

*(Loop in gedagte op en neer).*

Ek is nou regte nuwsgierig om mijn huishoudster te sien. Sal sij lang of kort, vet of maer wees?... Sal sij oud en lelik wees?... Of miskien wel 'n mooi jonge wedewee? Nou, wat sij ook al is, als sij tog maar beter van humeur als Sabina mag wees, dan kan dit mij nie skeel hoe of sij daar uit sien nie, al lijk sij ook soos 'n mannetjiesuil. Trouwe sal ek haar tog nie.

### **Sesde toneel.**

*KLAAS, JAN.*

**JAN.**

*(Kom binne en gaan bij die tafel sit).*

Ek ontmoet daar juis vir oom Doris, hij sê dat hij hier vandaan kom.

**KLAAS.**

Ja, hij was hier;... maar jij kom seker weer van Hester nie waar nie?

**JAN.**

Ek kom daar net verbij toe ek haar in die tuin sien staan en so het ons effentjies staan praat.

**KLAAS.**

Jan, wees tog verstandig en hoor na mijn raad! Laat die meisie staan, jij gaan jouw eie ongeluk soek.

**JAN.**

Maar oompie! waarom is jij dan so danig daar op teë dat ek met Hester sal gaan trouw?

**KLAAS.**

Ek is volstrek nie op haar teë nie, die meisie het mij geen kwaad gedoen nie, en op die oog lijk sij mij baje mooi, en goed ook; maar ek raai jou die trouwerij net af in jouw eie belang.

**JAN.**

Maar ek begriip nie waarom nie!

**KLAAS.**

Omdat ek jammer is vir jou en jou nie so 'n sware lot wil laat ondergaan, soos ek onder mijn vrouw gehad het.

**JAN.**

Ek weet; Oom het mij alles vertel; jij moet dit vreeslik swaar gehad het en ek voel regte jammer vir Oom.

**KLAAS.**

En tog wil jij dit waag en jou ook in die ongeluk gaan stort.

**JAN.**

Alle vrouwe sal tog nie soos tante Sabina wees nie. Sij is miskien één uit die duisend; dit sal Oom tog wel erken?

**KLAAS.**

Ek wil dit nie bestrij nie. Maar dink tog aan die gevaar wat jij loop, als jij net so ene moet tref als ek. En wat sal jij dan begin?

**JAN.**

*(Vol vuur).*

Hester sal sekerlik nie so ene wees nie! Sij is die liefste, sagste en mooiste skepseltjie wat daar bestaan.

**KLAAS.**

*(Sag).*

Ag!... Dit het ek van Sabina ook gedink, toe ek op haar verlief was.

**JAN.**

Iedereen kan aan Hester se ogies sien, dat sij sag en goed is.

**KLAAS.**

Vóór ons trouwe, het Sabina haar oë halfpad toegeknijp van sagheid, maar na die tyd het sij mij so vinnig als 'n kwaai mannetjieskat aangekijk.

**JAN.**

Maar bij haar liewe ogies het Hester 'n stemmetjie so sag als dit van 'n skaaplammetjie.

**KLAAS.**

In haar jongmeisie dae het Sabina so fluisterend gepraat als 'n rooibekkie vooltjie!... Maar toe sij mij eers beet gehad het, kan jij haar mijle ver hoor vloek en skree.

**JAN.**

Hester is te weekhartig om 'n vlooitjie dood te knijp.

**KLAAS.**

Sabina sou geen muggie van haar neus afblaas nie; maar na ons trouwe was geen besemstok dik genoeg vir mijn rug nie.



**JAN.**

Als iemand 'n bietjie hard praat, gaan Hester op die vlug.

**KLAAS.**

Als ek net maar vir mijn hond 'Voetsek Philax' geseg het, het Sabina gaan huil; maar na ons trouwe het sij 'n Hollandse matroos betaal, om vir haar skeldwoorde te leer, en dit na mijn kop te gooi.

**JAN.**

Hester is so geduldig als 'n lammetjie, sij klaag nooit nie.

**KLAAS.**

Moenie daarop bouw nie!... Sabina het weke lang met skoene geloop wat 'n duim te kort was vir haar voet, sonder eenmaal selfs 'eina!' te sê; maar naderhand het haar klaagliedere die van Jeremia tienmaal oortref.

**JAN.**

*(In vervoering).*

Dit is vir mij onmoontlik om vir Oom al die deugde van Hester te vertel, want sij is àl te lieflik... àl te mooi,... àl te goed, ag sij is kompleet 'n tortelduifie! Als ek met haar trouw, sal ek seker gelukkig wees.

**KLAAS.**

*(Skud sijn kop).*

Jan, Jan, kan niks jou dan oortuie nie? Sal jij, na al die ellende wat jij van mij gehoor het, dit nog wil waag om te trouw?

**JAN.**

Seker Oom!... Ek sal mij geen oomblik bedink nie.

**KLAAS.**

*(Tersijde).*

O! die verblinde hardkop! wag... ek sal hom vastrek.

*(Luid).*

Soos ek gesien het, hou jij veel van perde, nie waar nie?

**JAN.**

Ja, daar is geen dier, wat ek meer van hou.

**KLAAS.**

Jij handel al lang in perde en heb al veel gekoop en ook weer verkoop, nie waar nie?

**JAN.**

*(Verwonderd).*

Ja, dikwels al... Maar waarom kom Oom nou so opeens van vrouwe op perde?

**KLAAS.**

Dit sal ek jou strakkies sê! Gee nou maar eers antwoord op wat ek vra...; jij het goed kennis van perde nie waar nie?

**JAN.**

Ja, dit durf ek gerus sê.

**KLAAS.**

En het jij jou nie al somtijds miskoop nie?

**JAN.**

*(Aarsel).*

Ja, dit het al 'n paar maal gebeur, dat ek mij miskoop het.

**KLAAS.**

En wat doen jij dan met so'n perd wat nie deug nie?

**JAN.**

Ek verkoop hom weer dadelik, al moet ek wat verloor.

**KLAAS.**

Nou het ek jou vas.

**JAN.**

*(Verwonderd).*

Hoe meen Oom?

**KLAAS.**

Wel, jouw perd wat nie deug nie, verkoop jij dadelik weer en dan is jij van hom af. Maar hoe nou met 'n vrouw? Haar kan jij nie weer verkoop nie; als jij haar eenmaal het, moet jij haar hou, of sij al goed is of nie. Het jij dit al bedink?

**JAN.**

Nee, daarvoor het ek nog nie mijn gedagte laat gaan nie, maar dit sal mij ook nie teëhou nie, want ek weet tog dat ek met Hester mij nie sal miskoop nie, sij is 'n àl te liewe engeltjie.

**KLAAS.**

*(Verstoord).*

Loop heen!... Jij is 'n onverbeterlike sondaar, en vir geen oortuiging vatbaar; jij verdien nie minder als net so gefop te word als ek.

**JAN.**

Nou, ek sal dit tog maar met Hester waag.

**KLAAS.**

Jij is 'n hardkop, Jan! Hoe is dit moontlik dat jij na al wat ek jou vertel het, nog wil gaan waag om te trouw?

**JAN.**

Maar Oom! Als daar enkele onder die vrouwe gevind word, wat hul waardigheid so uit die oog verloor en hulle als duiwelinne gedra, dan kan jij tog nie almaal gaan verag nie. Die meeste van die vrouwe is tog maar goeie en liewe engeltjies; dit kan jij tog nie ontken nie.

**KLAAS.**

*(Krap sijn kop).*

Jongelief, weet wat jij doen! Besin éér jij begin! onthou dat ek jou die trouwerij ten sterkste afraai.

**JAN.**

Ek wil vir Oom nou maar net één vraag doen. Als iemand, toe jij gevrij het, vir jou die trouwe afgeraai het, sal Oom na hom geluister het?

**KLAAS.**

*(Verleë).*

Wel, dit sal moeilik wees om dit nou presies te sê; want als 'n mens verlief word, is jij gewoonlik drie kwart gek.

**JAN.**

Nou wel, Oom, dan is ek seker tweemaal so gek, want ek is smoorlik verlief op mijn Hestertjie.

**KLAAS.**

*(Geërger).*

Nou, snij dan maar jou eie keel af. Die nie hoor wil nie, moet voel; en ek sê vir jou nou hier op die

plek, dat ek heeltemaal op jouw trouwerij teë is, en om jouw eie beswil mijn toestemming nie sal gee nie.

**JAN.**

*(Met 'n sug).*

Oom is tog àl te hard met mij; ... en ek voel regte hartseer; maar mijn Hester kan en sal ek nie opgee nie.

*(Staan op en set sijn hoed op).*

Maar kom, dit is tijd om na mijn besigheid te gaan. Tot wederom, Oom.

*(Jan af).*

## **Sewende toneel.**

**KLAAS.**

*(Loop op en neer).*

Dit is net maar boter aan die galg gesmeer, om iemand wat so verlief is, van sijn dwaasheid te wil oortuie! Jij kan ewe goed probeer om 'n esel deur 'n preek, van sijn luiheid te bekeer. Al sien so'n mens 'n muur voor hom, dan knijp hij nog die oë toe en loop blindweg met sijn kop daarteen aan. Ek doen tog so mijn bes om hom deur mijn ondervinding te oortuie, maar verniet!

*(Luister).*

Daar hoor ek Hans, sal hij al daar wees met die juffrouw?

*(Trek sijn boordjie en das reg).*

Wat brom die vent tog?

## **Agste toneel.**

*KLAAS, HANS.*

**HANS.**

*(Kom in en draag 'n koffer).*

Die oue totebel!...

*(Tot Klaas).*

Meneer, waar moet ek die koffer gaan set? Dis van die ou juffer.

**KLAAS.**

In die agterkamer. Is die juffer hier?

**HANS.**

Nee, sij sit nog bij die stasie.

**KLAAS.**

Waarom het jij haar nie saamgebring nie?

**HANS.**

Om sij nie saam het wil kom nie. Die ou mens is so eiewijs als 'n eselmerrie!... Ek het haar goed so mooi op die kruiseantjie gepak en toe gesê dat sij daar bo-op moet gaan sit, want dit is meneer se order, dat ek haar mee na huis toe moet rij.

**KLAAS.**

Maar Hans,... is jij nou heeltemaal mal, om haar op die kruise te wil pak?

**HANS.**

*(Onnosel).*

Kijk! Hoe dan? Meneer het tog gesê dat ek vir haar en haar goed met die kruiseantjie hier na toe moet bring! Maar die ou vrou het woedend gewees. Sij het nie wil opklim nie. Ek sê vir haar: 'Ou juffer, dit is meneer se order.' Wat! skree sij, ou juffer? Die duivel is oud, maar ek nie!... Nou, wat jij ook al mag wees, sê ek, dit is meneer se order om jou met die kruiseantjie saam te bring! Watter reg het jouw baas, om mij nes 'n bondel goed, op die kruise te wil gooi? Maak dat jij onder mijn oë uit kom!... sê sij. Nee, ou juffer, antwoord ek, jij moet meegaan. Wat! roep sij, wil jij vir mij dwing?... Ek is 'n fatsoenlike vrou! en sê jij vir jouw meneer dat, als hij nie self kan kom nie, hij iemand moet stuur, wat fatsoenlik is, om mij na sijn huis te gelei!

**KLAAS.**

*(Dink na).*

So, so... dan lijk dit of sij ook nie op haar mond geval is!

*(Tot Hans).*

Jij praat al van 'n oue juffer, is sij dan nie meer jong nie?...

**HANS.**

Nee ah!... sij lijk net of sij uit Noach se ark gekom het, en sij is net so vol rimpels, als 'n haaivel! - Haar oë kijk so vinnig als 'n kat sijne; sij dra 'n groot sambreel in haar hand en het 'n hoedjie op wat net soos 'n tentwa lijk.

**KLAAS.**

Het jij haar dan nie gesê om maar saam met jou te loop nie?

**HANS.**

Ja, dit het ek, en toe sij nie wil nie, het ek haar aan die arm geneem en gesê: Jij moet saam kom, dis meneer se order! Maar toe grijp sij die sambreel en hou mij daarmee oor mijn kop en arme, so dat ek moes los laat.

*(Hij vrijf sijn arm).*

**KLAAS.**

*(Skud sijn kop).*

Dit is snaaks en lijk maar 'n slegte voorteken.

*(Tot Hans).*

Loop set die koffer waar ek jou geseg het; is daar meer goed?

**HANS.**

Ja, nog 'n kis en 'n paar bondels.

*(Af met die koffer, kom terug, loop oor die toneel en bring so al die goed weg).*



**KLAAS.**

*(Loop onrustig op en neer).*

Ek wil tog nie hoop nie dat ek mij weer 'n kat in die sak gekoop het; als dit is, soos Hans sê, moet sij nogal gouw op haar perdjie wees; dit kan ook wees dat die domoor te brutaal was... Ek wens net dat Jan nou maar hier is, dan sal ek hom stuur om haar te haal; self wil ek nie gaan nie, ek moet tog toon dat ek meester is, en nie al te familiaar wees nie.

**HANS.**

*(Nadat hij alles weggebring het).*

Meneer, sal ek nou met die leë kruise vir die ou siel gaan haal, en 'n kussen saam neem, waar sij op kan sit?

**KLAAS.**

Als jij nog 'n keer op jouw pokkel wil hê, kan jij dit doen. Set die kruise maar weg en kijk of jij nie vir baas Jan sien nie.

**HANS.**

Daar is hij net.

*(Af).*

## **Negende toneel.**

*KLAAS, JAN.*

**KLAAS.**

Ek is blij dat jij kom. Loop gouw na die stasie. Ons nuwe huishoudster het met die trein gekom. Ek het Hans al gestuur om haar af te haal, maar sij staan daarop dat 'n fatsoenlik man en nie 'n bediende haar hier na toe moet gelei nie; sal jij gouw kan gaan?

**JAN.**

Wel, als sij so op haar punte staan, sal ek maar gaan.

*(Af).*

## **Tiende toneel.**

*KLAAS, HANS.*

**KLAAS.**

*(Kijk rond).*

Ek sal die boel hier maar gouw 'n bietjie in orde laat bring.

*(Roep).*

Hans!

**HANS.**

Hier is ek meneer.

**KLAAS.**

Is die agterkamer, waar jij die goed geset het, goed skoon gemaak?

**HANS.**

Ja, alles is in orde.

**KLAAS.**

Set nou gouw die stoele en alles hier ook reg, sodat die juffrouw, als sij strakkies hier kom, jou nie weer onder die sambreel hoef te steek nie.

**HANS.**

*(Terwijl hij alles in orde maak).*

Wat kom sij dan hier maak? Is sij soms famielie van meneer?

**KLAAS.**

Nee, sij kom maar om die huis te bestuur en in orde te hou, want dit is ondragelik soos jij met jouw lompheid en morsigheid alles hier breek en onderste-bo maak.

**HANS.**

En kom sij vergoed hier woon?

**KLAAS.**

Ja seker!...

**HANS.**

En die baas hier oor alles speel?

**KLAAS.**

Natuurlik, sij moet alles in orde hou, en wat sij jou sal sê, moet jij doen.

**HANS.**

Meneer, ek gee dadelik mijn huur op.

**KLAAS.**

Jij is gek, blij maar hier; help haar en wees gehoorsaam.

**HANS.**

Ek sal gek wees als ek blij, om onder so'n oue vuurtang en paaiboelie te staan, wat so beesagtig hard kan slaan.

*(Voel sijn arm).*

Mijn arm is nog lam van die houwe wat sij mij gegee het.

**KLAAS.**

Was die slae dan só hard?

**HANS.**

Moet tog nie praat nie, meneer! ek het gedink dat mijn arm op drie plekke morsaf was. En dan die uitskel is nog die ergste van alles... jou vervlakste, verramponeerde,

luie eselskinnebak, met jouw apegevreet; jou skobbejak, jou ongebore spinnekop!... en ek weet nie wat meer nie. Dit rol somaar uit haar mond; ek het somaar skaam gevoel vir al die mense daar

**KLAAS.**

*(Tersijde).*

O, mijn liewe grootjie, sal ek so ongelukkig wees om dalkies weer 'n tweede Sabina in mijn huis te krij? Ah... nee! die beste sal wees om haar maar dadelik weer weg te stuur, als sij hier so te keer mag gaan.

*(Luid).*

Hans, jij vergroot dit seker.

**HANS.**

Nee meneer, wat ek vertel, is maar 'n vingerhoedjie vol, maar sij het 'n groot volstruis-eierdop volgepraat.

*('n Harde vrouwestem word agter die toneel gehoor).*

Dáár kom sij. Meneer, hoor tog! O jemenie, ek vlug.

*(Af).*

## **Elfde toneel.**

*KLAAS, JAN, SABINA, HANS.*

**KLAAS.**

Mijn mense! hoe klink die stem! Kompleet net soos die van Sabina! Als ek nie weet dat die ou siel dood is nie, sal ek wil sweer dit is sij. Sewe jare het haar stemgeluid nog nie uit mijn ore laat gaan nie.

**JAN.**

*(Deur Sabina gevolg, kom in).*

Kom maar binne juffrouw Hartklap.

**SABINA.**

*(Baje ouerwets gekleed, groot tjalie, wije hoepelrok, grote tuithoedjie, dikke damessak in die ene en 'n groot manssambreel in die ander hand, spreek baje spitsvinnig).*

Mijn naam is nie Hartklap nie, maar Hartlap, onthou dit. Maar om weer op mijn apropos terug te kom, soos ek jou geseg het, jongeheer, dit is 'n ellendige en beroerde boel op die trein; dit is net 'n trop luie rakkers wat alles bestuur; daar is niks tot jou gemak nie; als jij klaag, skud hul die kop, en als jij hul uitskel, lag hulle nog om jou. 'n Klomp ongeëdukeerde dromedarisse is hulle, en niks meer nie. Nou, ek het die meneer stasiemeester, of hoe hul so'n vent ook noem, goed die kop gewas, en hom amper nog met mijn sambreel op sijn klapperdot gegee, so'n lelike trapsoetjies! met sijn blink rokknoppe, wat tog maar van koper is, en met sijn keppie wat net soos 'n suikerskepper lijk, wat ons altijd in ons winkel gehad het, toe mijn oorlede man nog geleef het, en waar hij sout, net sowel als suiker mee geskep het, wat ek nooit het wil toelaat nie omdat ek 'n presiese mens is, want suiker is soet, en sout is suur, ek meen sout, nie suur nie; nou 'n perd struikel wel oor vier tonge, waarom 'n mens nie oor vier pote nie! Ag kijk! ek meen 'n mens struikel oor vier pote en die perd oor één tong; magtig, daar is ek nou heeltemaal in die war; maar ek wil maar sê dat ek altijd met hom rusie gemaak het oor sijn agtelosigheid; nou, jij begryp mij tog jongeheer, want ek is 'n mens wat baje presies is.

**KLAAS.**

*(Bij die binnekom is hij teen die muur gaan staan en seg nou tersijde).*

O jemenie josie!... als dit nie mijn oorlede Sabina is, dan is dit seker haar tweelingsuster. O

vreeslik noodlot, hoe vervolg jii mij! ...Wat sal ek doen? Wat aanvang, als sij mij herken? Wag, ek sal mij vreemd hou, miskien kom ek nog vrij vir vandag, en dan pak ek mij op vannag en vlug weg.

*(Buig voor haar en sê).*

Welkom, juffrouw Hartlap.

**SABINA.**

*(Sien hom skerp aan en spreek tersijde).*

Als dit nie oorlede Klaas, mijn wettige man is, mag die drommel mij lewendig inslik!... Maar laat ek mij hou of ek hom nie ken nie!...

*(Luid).*

U is meneer Joris Vliegepoot nie waar nie, aan wie ek deur meneer Konkelaar is aanbeveel? Ek is baje blij met u kennis te maak.

**KLAAS.**

*(Tersijde).*

Ek glad nie; ek wens dat jij duisend mijle hiervandaan sit, en bij die ijsbere jouw tabernakel het opgeslaan!

*(Luid).*

Ek het 'n huishoudster nodig gehad en so het ek hom geskrijwe om na iemand uit te sien, want met die knegte en meide is dit teenswoordig nie meer uit te hou nie.

**SABINA.**

Ja, die smerige, luie, brutale dagdiewe, skobbejakke en belialskindere bedrieg en besteel jou op allerhande maniere; al het jij oë van agter en van vore, dan fop hulle jou nog. Maar ek maak korte wette en moker die hele sissewinkel deurmekaar.

**KLAAS.**

*(Tersijde).*

O, mijn liewe grootjie! Sij is nog altijd die selfde oue spitsvinnige rusiemaakster van altijd, hoe sal ek mij uit haar klouwe kan redde?

*(Luid).*

Ek hoop dat

u die bestuur van mijn huishouding op u sal neem, als ons met die terme ooreen kan kom.

**SABINA.**

*(Tersijde).*

Dit lijk of hij mij nie herken nie; ek sal mij nog 'n bietjie intoom en hou of ek hom ook nie herken nie, maar soos hij hom blootgee, val ek hom als 'n donderbui op sijn lijf, so'n satanse rakker, om als 'n skelm van mij weg te loop, en sewe jare lang van hot na haar te vlug om onder mijn klouwe uit te blij!

*(Luid).*

Daar is geen twijfel aan nie, ons moet ooreenkom; net één kondisie stel ek, dat ek die baas hier oor alles sal wees, want daar is ek aan gewoon; en die brutale kneg wat mij strakkies met 'n vuile kruiwaantjie van die stasie na jouw huis het wil stoot, nes of ek 'n dooie vark is, word dadelik vierkant die deur uitgeskop.

**KLAAS.**

*(Tersijde).*

O mij! Sij is nog dieselfde Xantippe, niks verander nie!... hoe red ek mij!...

*(Luid).*

Sekerlik, wat u die bediendes sal gebied, moet hulle doen, maar die arme Hans het al so lang bij mij gewoon, hij is nou wel nie sindelik nie, maar anders doodeerlik en getrouw.

**SABINA.**

*(Kijk rond).*

'n Vark kan bij hom nog morsigheid kom leer; kijk maar hoe die boel hier uitsien; alles aan stukke en kapot, tafelkleedjie, kommetjies, borde, stoele, en die stof'n duim dik op alles; nee, die vent moet weg! of die duiwel sal jou haal, dit seg ek jou!

**KLAAS.**

*(Tersijde).*

Ag hemeltjie! daar gaan die poppe al aan die dans! Die beste is maar om te maak nes of ek nie bang

is nie en om brutaal te spreek.

*(Luid).*

So, so, juffrouw Hartlap; saggies 'n bietjie asseblief; so ver gaan uw heerskappij nie!... Ek laat mij deur niemand wette voorskryf; die kneg sal ek laat gaan, wanneer ek dit verkies, en nie eerder nie.

**SABINA.**

*(Bars los).*

Só, só, Joris Vliegepoot, alias Klaas Muggebeen! Dink jij dat ek jou nie herken het nie? Jou droster! jou lafaard! jou aap! jou koggelmanner! wat mij sewe jare lang als 'n gek agter jou aan het laat loop, sonder jou te kan vind! Tot ek eindelijk op die idee gekom het om mijn naam te verander en mij vir dood te laat deurgaen. Want ek is seker gewees dat ek dan van jou sal hoor, soos dit ook uitgekom het. En nou dat ek jou weer het, jou maaifoelie, sal jij so lig nie weer van mij ontslae raak nie.

**KLAAS.**

*(Val op 'n stoel).*

Ag! alles is verlore. Sabina, ek het gedink dat jij lankal dood is!

**SABINA.**

Dit het jij seker gewens! Maar Sabina is nie so gek gewees om jou wens te vervul nie. Jij het gedink om weer als 'n kakkerlak onder die vrouwe te kan rondspring, maar nou is dit neusie verbij. Ek sal jou nou inpeper, jou galgepatrijs!

*(Dreig hom met die sambreel).*

Seg! jou oliekoek! Wat belet mij om jou hier die vel oor die ore te trek?

**KLAAS.**

*(Wanhopig).*

O! wat 'n vreeslik lot wag mij!

*(Tot Jan).*

Jannie, mijn kind, aanskouw mijn ellende, jij sien nou wat van trouwe kom!



**JAN.**

Oom, Hester is 'n engel, sij kan nooit 'n duiwelin worde nie.

*(Tot Sabina).*

U is dus mijn Tante? Ek het altijd gedink dat Oom oordrijf, als hij mij vertel wat hij onder u gelij het; maar wat ek nou van u sien, laat mij verstomd staan. Foei, wees tog verstandiger en trag meer met sagheid en liefde hom tot u te trek; dink tog hoe oud u al is...

**SABINA.**

*(Val in).*

Wat sê jij daar?... Jou melkmuil! Ek oud? Wie het jou dit gesê? En wat gee jou die reg om vir hom nog partij te trek. Pas op vir mij!

*(Dreig met die sambreel).*

Jij ken mij nog nie!

**HANS.**

*(Bij die deur).*

Meneer, sal ek haar maar op die kruiseantjie vasmaak en weer na die trein gaan bring?

**SABINA.**

*(Loop met opgehewe sambreel op Hans toe).*

Wat sê jij daar, jou satanskind? Mij na die trein bring? Wag, ek sal jou!

*(Hans neem die vlug. Sabina vervolg tot Klaas).*

En durf jij daar so stil sit, en mij laat beledig deur so'n onbeskaafde eselskinnebak? Ek het lus om jou met jou hele hypotheek hier die huis uit te jaag!

## **Twaalfde toneel.**

*Die vorige, DORIS.*

**DORIS.**

*(Kom in).*

Mijn mensig, Klaas!... Wat vir 'n lawaai is dit hier in jou huis? Jij kan dit onder in die straat hoor!

**KLAAS.**

*(Geheel wanhopig).*

Ag Doris, help mij! Ek het weer in die hande van Sabina geval!... gee hulp en raad, ou vriend!

**DORIS.**

*(Set sijn bril op en bekijk Sabina van top tot teen).*

So, so, dus lewe die beroemde Xantippe nog! En jij was nogal so seker dat sijn dood is!

**SABINA.**

*(Met die hande in die sijn, kijk hom nijdig aan).*

Wat dood? Jouw agter-oor-oor-grootvader mag dood wees, maar ek nie; dit sal ek jou netnou toon, jou afgedankste, oue poelpetaat! Wat kijk jij mij so aan, nes of jij nog nooit 'n mens gesien het nie?

**DORIS.**

*(Beskouw haar nog).*

So, dus is jij die Eva se dogter wat jouw sekse so tot skande maak, deur jouw ongeëwenaarde driftigheid en twisgierigheid?

*(Skud sijn kop).*

Wat 'n monster! Klaas, ek beklaag jou!

**SABINA.**

*(Swaai met die sambreel).*

Wat sê jij daar! Ek 'n monster! Ek 'n twissieke Eva se dogter! Weet jij wat ek is? Ek is meer als jij is of ooit sal wees, want ek is 'n eerlike, fatsoenlike vrouwe, verstaan jij?

**DORIS.**

Ha! Ha! Ha! Daar het jij gelijk in; ek sal ook nie graag wens om 'n vrouwe te wees soos jij ene is.

**SABINA.**

*(Spring op Doris toe en wil hom met die sambreel slaan; hij brij dit beet en hou dit vas).*

Jou ongemanierde beer, ek sal jou!

**KLAAS.**

*(Wil haar teëhou).*

Foei Sabina! Foei!... betoom tog jouw drif!

**SABINA.**

*(Slaan hom met die handsak).*

Wat! jij ook? Dáár! neem dit!

*(Slaan hom oor sijn kop).*

Ek sal jou verskeur, satanskind!...

**HANS.**

*(Kom op met 'n muiseval; tersijde).*

Hier het ek iets wat haar gouw sal laat bedaar.

*(Luid).*

Meneer, hier het ek 'n muis, sal ek dit hier loslaat?

**SABINA.**

*(Angstig).*

Hé! wat! 'n muis?... Og hemeltjie, help mij! Weg jou rakker! weg!

*(Spring op 'n stoel en vouw haar rokke om haar).*

Help! Klaas! ... ag help!

**DORIS.**

*(Lag).*

Waar is nou jouw moed, juffrouw? Vir 'n muisie, wat jou geen kwaad kan doen, is jij bang, maar nie vir die groot sonde van onverdraagsaamheid nie. Sien tog jouw verkeerde weë in en word wijs.

**SABINA.**

Word self maar eers wijs, jou oue gek!

*(Hef haar sambreel op)*

, of ek sal jou dit leer.

*(Spring van die stoel en wil hom aanval).*

**HANS.**

*(Doen alsof hij die muis wil laat loop).*

Pas op juffer! Hier is die muis!

**SABINA.**

*(Spring weer op die stoel).*

Help! Help! Ek is bang vir die ding! Neem hom weg, jou duiwelskind, of ek draai jou die nek om!

**HANS.**

Nou is ek nie meer bang nie, die muis sal mij beskerm!

**DORIS.**

Vrouw, skaam jij jou nie, om so aan jouw drifte toe te gee? Sien jij dan nie in nie dat jouw humeur jou ten verderwe sal sleep? Voel jij nie dat jij jou veragtelik maak in die oë van elke verstandige mens? Foei! bekeer jou tog!

**SABINA.**

Swijg maar, jij oue halfgebakke pastoor!... Ek sal doen wat ek wil, want ek is vir jul almaal nie bang nie!

**HANS.**

Net maar vir 'n kleine muisie! Hier is hij...

**SABINA.**

*(Skree).*

Weg tog met die vreeslike ondier! Help mij tog!... Daar staan julle nou, drie groot mans, en niemand steek sijn hand uit om mij te help!

**DORIS.**

Ons is maar àl te gewillig dit te doen, als jij net maar na rede wil hoor en jouw drifte 'n bietjie wil intoom.

**SABINA.**

Ja, spreek! Ek is nie onredelik en ook nie doof nie! maar neem eers die vervlakste muis weg!

**KLAAS.**

Hans! luister wat die juffer sê!

*(Hans af, maar steek nou en dan sijn kop bij die deur in).*

**DORIS.**

Soos Klaas mij vertel het, is jij altijd 'n suinige en oppassende vrouw gewees, wat goed vir hom gesorg het.

**SABINA.**

*(Val in).*

Ja seker, want anders het hij lankal mors... morsdood gewees.

**DORIS.**

Dit strek jou tot eer; maar jouw driftigheid en onverdraagsaamheid het alles bederwe.

**SABINA.**

*(Val in).*

Daar het jij net so min kennis van als 'n aap om 'n pot ertjiessop te kook.

**DORIS.**

Laat mij voortgaan asseblief. - Het jij al ooit bedink hoeveel kwaad jij deur die hartstog gestig het? Hoe jij nie alleen andere, maar meer nog, jouself daardeur benadeel, en bij alle wat jou ken, veragtelik gemaak het? Als jij 'n bietjie wil gaan nadink, sal jij sien dat deur driftigheid en onverdraagsaamheid niks te win nie, maar alles te verloor val.

**SABINA.**

*(Dink na).*

Dink jij dit?

**DORIS.**

Seker, want iedereen sal jou daarom verag; jij sal geen vriende meer hê en ten laaste eensaam en verlate in die wêreld staan, terwyl jij inteendeel deur liefde en toegewendheid alles sal win. Jij het tot nou toe, deur die foute in jouw karakter, alles verlore en die lewe vir jouself tot 'n hel gemaak. Probeer dit nou net met liefde en sagmoedigheid, en jij sal uitvind, dat jij dit in 'n paradijs sal herskep.

**SABINA.**

*(Het onderwyl haar sambreel laat sak; haal haar sakdoek uit en hou dit voor die oë; bij die end klim sij van die stoel).*

Vriend! ek dank jou vir die les; jij het mij tot nadinke gebring en die oë geopen. Ek sal van nou af trag jouw raad te volg.

*(Gaan na Klaas, val hom om die hals en*

*sê*):

Klaas, vergeef mij die kwaad wat ek jou gedoen het! Ek sal van nou aan trag om dit deur liefde te vergoed en jou só aan mij te bind dat jij vergeet om weg te loop. Wil jij mij weer aanneem?...

**KLAAS.**

*(Soen haar).*

Ja Sabina, van harte vergeef ek jou alles! Laat ons die verlede vergeet en voortaan als twee tortelduifies met liefde ons weg gaan.

*(Tot Jan).*

Jan, trouw gerus nou met Hester; wees so gelukkig, als ek hoop om voortaan met mij weer gevinde vrouwtjie te wees.

**HANS.**

*(Bij die deur; wijs op die muiseval).*

En ek sal 'n ogie daarop hou, als die ou juffer haar belofte mag vergeet, om altijd 'n muis bij die hand te hê.

*(Gordijn).*